# Is Jy Gereed?

JY HET 'N ROEPING WAT SPESIAAL VIR JOU ONTWERP IS DEUR GOD.



"Ek het jou gekies voordat ek jou gemaak het. Ek het jou gewy aan My voordat jy gebore is, Ek het jou aangestel om 'n profeet vir die volke te wees."
- Jeremia 1:5

Kies vandag of jy jou lewe
vir Jesus Christus wil gee.
So kan jy dan Sy perfekte plan wat
spesiaal vir jou ontwerp is, uitleef.
Bid saam as jy wil:

"Vader, ek dank U in die naam
van Jesus, dat U U enigste Seun,
Jesus Christus, gestuur het
om vir my te sterf.

Ek erken al my sonde in my
lewe en ek is baie jammer daaroor.
Dankie dat U my daarvoor vergewe.

Jesus, ek vra dat U van vandag af
die Here van my lewe sal wees.
Help my om U perfekte plan, wat U
vir my nog voor my geboorte
ontwerp het, uit te leef.

Here, kom en vul my asseblief
met U Heilige Gees. In Jesus se
Naam bid ek dit.
Amen!"

Renovar Ministries

Geskryf deur: Nadine de Lange
Geillustreër deur: Astri Saestad
Vertaal deur: Ann Page
Copyright@ Nadine de Lange 2024
Die Bybel vir Almal (ABA)
Bybel vir Dowes/almal © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2007, 2008. Gebruik met toestemming.

Wanneer ons na die storie van Jeremia kyk, sien ons dat God hom van jongs af geroep het as 'n profeet tot die nasies.

Dit was oorweldigend vir Jeremia, maar hy het getrou gebly aan God en dus het die Here hom kragtig gebruik.

God het vir jou ook 'n plan wat Hy spesiaal uniek tot jou ontwerp het.

God wil hê dat jy, net soos Jeremia, die uitdaging sal aanvaar, Hom sal volg en vir Hom vir hulp sal vra om in Sy weë te wandel.



As jy terug kyk in geskiedenis, lees jy van wonderlike mense wat geleef het. Sommiges was ontdekkers, uitvinders, wetenskaplikes en verpleegpersoneel. Party mense was helde wat hul lewens gewaag het om ander uit natuurrampe te red deur hulle uit vloede, gebourommel, en vure te haal. Daar was ook mense wat braaf genoeg was om dissipels van Jesus te word, hulle het die Goeie Nuus van Jesus aan die wêreld verkondig. Hulle het siek mense genees en allerlei wonderwerke tot eer en glorie van God gedoen.

Al hierdie mense het iets met mekaar in gemeen gehad:
1. Hulle was deur God geroep.
2. Hulle was deur God geskep.
3. Hulle was op die regte tyd gebore om 'n verskil in hulle era te maak.
4. God het 'n spesiale doel vir elkeen van hulle gehad.

God het jou gekies vir hierdie era om alles te doen wat Hy vir jou beplan en bestem het om op aarde te doen, is jy gereed om aan te meld?